

# Inhoud


Liewe Heksie kry 'n verjaardag, 1

Heksie en Blommie sing in die straat, 23

Liewe Heksie en die bikini, 41

Liewe Heksie en die motor, 59

Liewe Heksie maak die koning gesond, 80

Liewe Heksie en die toorwoorde, 99

Liewe Heksie en die donkie, 117

Liewe Heksie word babawagter, 135

Liewe Heksie in die land van die Gifappeltjies, 155

Liewe Heksie en die dief, 175



# Voorwoord

Verna Vels (1933- 2014) het Afrikaanssprekende kinders deur haar radioprogramme, boeke en televisiewerk bekoor en die wonderlike wêreld van die verbeelding leer ontgin. Dit is veral die Liewe Heksie-boeke, wat die eerste keer in 1965 met illustrasies deur Dorothy Hill verskyn het, wat gehelp het om baie kinders die genot van lees en boeke te laat ontdek.

Liewe Heksie het haar debuut in 1961 gemaak in die Siembamba-programme van die SAUK. Verna was as kind baie bang vir Sneeuwitjie se heks en sy het toe sy ouer was, gewonder oor so 'n dierbare, dommerige, sagte heksie en so is Liewe Heksie gebore.

Ná die radio is die eerste Liewe Heksie-boeke in 1965 gepubliseer en daarna was sy ook in omnibusse, langspeel-

plate en CD's totdat die karakter in 1978 op televisie verskyn het. Om tred te hou met die tegnologiese era waarin ons lewe, is *Liewe Heksie en die rekenaar* in 1999 uitgegee met illustrasies deur Piet Grobler. Heksie het ook op groot verhoë opgetree in dramas wat Verna spesiaal vir die verhoog geskryf het.

In 2015, kort ná Verna se dood, is die Liewe Heksie-stories vir die eerste keer in volkleur uitgegee in die *Liewe Heksie Leesboek*-reeks. Vian Oelofsen se moderne interpretasie van Heksie en al die karakters van Blommeland in pragtige, kleurvolle illustrasies, sorg nou dat hierdie klassieke verhale ook 'n nuwe generasie van kinders bekoor.

Hierdie omnibus bevat tien van dié stories met volkleurillustrasies, met die korter, eenvoudige teks wat dit perfek maak vir jonger lesers en hardop voorlees.

Dit sal beslis vir die kleintjies, vir wie Verna Vels dit oorspronklik bedoel het, en vir die ouers wat daarmee grootgeword het, groot plesier verskaf. Verna se strewe was altyd om leeslus by kinders aan te wakker en hierdie versameling beloof om haar wonderlike verhaalskat nog vir baie jare behoue te laat bly.



# Liewe Heksie kry 'n verjaardag

Dis Blommie Kabouter se verjaardag. Al die kabouters van Blommeland is by sy partytjie. Daar is koeldrank, roomys, koekies en ander lekker eetgoed. Blommie gee vir elkeen 'n groot ballon om mee te speel. Daar is groen en geel en rooi en blou en oranje ballonne.






Blommie sien iemand wat nie saam speel nie.

Dis Liewe Heksie, Blommeland se eie en enigste heksie. Sy sit onder 'n boom, met haar swart punthoed oor haar oë getrek, en haar ballon op haar skoot. Blommie weet Heksie is nie baie slim nie en sy vergeet maklik dinge. Dalk het sy vergeet om te speel.



Hy loop na haar toe en sê saggies: “Heksie? Heksie?”

Heksie sê niks. Sy bly net so sit. Blommie dink sy slaap dalk en hy lig haar hoed. Hy kyk . . . en kyk weer. Ja, sowaar, daar’s ’n traantjie op die punt van Heksie se neus.



"Heksie, wat makeer?" vra Blommie.

"Ek makeer niks, maar my hart is seer, Blommie," sê Heksie en vee haar oë met haar rok se punt af.

"Maar hoekom is jy hartseer, Heksie? 'n Mens huil mos nie op 'n partytjie nie. Almal moet gelukkig wees."



“Ek weet, maar ek is nie gelukkig nie,” sê Heksie en begin weer huil.

“Sal jy asseblief vir my sê wat makeer?” vra Blommie.

“Ja, Blommie, ek sal vir jou sê. Ek is hartseer omdat ek nog nooit eens ’n partytjie gehad het nie. Almal het al ’n partytjie gehad, net ek nie.”



“Maar, Heksie, jy kan mos ook partytjie hou wanneer jy verjaar,” sê Blommie.

“O,” sê Heksie en krap haar kop.

Blommie dink so ’n bietjie en sê: “Maar jy het nog nooit gesê wanneer jy verjaar nie.”

“Ja, ek wou nou net vir jou vra wanneer ek verjaar. Hè, Blommie, wanneer verjaar ek?” vra Heksie.

"Jy moet dit mos weet, Heksie. Ek kan nie vir jou sê wanneer jy verjaar nie."

"O," sê Heksie. "Miskien verjaar ek nie, Blommie."

"Natuurlik verjaar jy. Almal verjaar!" sê Blommie.

"Wanneer?" vra Heksie.

"Man, 'n mens verjaar wanneer . . . wanneer jy verjaar."

"O," sê Heksie en knik haar kop. "Ek dink ek verjaar op die twee-en-veertigste April."

Blommie skater van die lag. "Heksie, jy kan nie dan verjaar nie, want daar is nie so 'n dag nie."

Heksie begin weer huil toe Blommie vir haar lag: "Sien jy nou, daar is nie eens 'n dag vir my om op te verjaar nie."

Blommie is dadelik jammer hy het vir Heksie gelag. "Toemaar, Heksie, moenie huil nie. Ek is seker daar is 'n dag vir jou om op te verjaar."

